Numeri-

God se rigting vir sy volk oor hoe om in 'n woestyn te oorleef en die beloofde land te bereik

"Die Here sal vir jou goed wees en vir jou sorg. Die Here sal jou raaksien en vir jou sy liefde gee. Die Here sal jou goedgesind wees en vir jou voorspoed gee" (Num. 6:24–26, NLV).

Raamwerk vir Numeri:

Israel se rigting van die Here (hfst. 1-10)

Israel se ongeloof in die Here (hfst. 11-14)

Israel se dissipline van die Here (hfst. 15-36)

Israel se rigting van die Here (hfst. 1-10)

Tel die volk 1 – Doen voorraad opname

Stel strategies op 2 – Kry jou strategie by die Here

Help die priesters 3-4 – Fokus op gebed en aanbidding

Verwyder sonde en onreg 5 - Heiligheid

Bid vir seën 6 - Dit is die seën van die Here wat ryk maak

Offer vir sonde 7- Sonde moet vergewe word (1 Joh.1:9)

Lampies op kandelaar 8 – Dit is slegs die Heilige Gees wat lig en leiding gee.

Paasfees en volg die wolkkolom 9 – Moenie die Paaslam vergeet nie en volg die Gees

Verlaat Sinai en trek deur die woestyn 10 – Neem ,n stap van geloof

Hoe om in 'n Woestyn te oorleef. Israel se ongeloof in die Here (hfst. 11-14)

My dienaar Kaleb het egter 'n ander gesindheid teenoor My gewys. Hy het by My bly staan. Ek sal hom in die land laat kom wat hy gaan verken het. Sy nageslag sal die land besit. (Num. 14:24 NLV)

Die enigste gestremdheid in die lewe is 'n slegte gesindheid.
Scott Hamilton

Hoe het hulle gedink?

Maar die manne wat saam met hom opgetrek het, het gesê: Ons kan nie teen die volk optrek nie, want hulle is sterker as ons.  (Num.13:31)

Hy het anders gedink!

Toe het Kaleb die volk stil gemaak teenoor Moses en gesê: Laat ons gerus optrek en dit in besit neem; want ons kan dit sekerlik oorweldig.  (Num.13:30)

Of jy dink jy kan, of jy dink jy kan nie, Jy's reg. Henry Ford

Hoe het hulle gedink?

Maar die volk wat in die land woon, is sterk, en die stede is versterk en baie groot; en ons het daar ook die kinders van die Enakiete gesien.

(Num.13:28)

Hy het anders gevoel!

Wees net nie teen die HERE opstandig nie, en wees julle nie bevrees vir die volk van die land nie, want hulle is ons spys. Wees nie bevrees vir hulle nie!  (Num.14:9)

Hoe het hulle gereageer?

So het hulle dan slegte gerugte onder die kinders van Israel versprei oor die land wat hulle verken het, deur te sê (Num.13:32)

Hy het anders gereageer!

Maar my kneg Kaleb, omdat ‘n ander gees in hom was en hy volhard het om My te volg... (Num.14:24)

Gesindheid is iets KLEIN wat ‘n GROOT verskil maak. Winston Churchill

Die gevolg van ‘n “slegte” gesindheid!

Ons het daar ook die reuse gesien, die kinders van Enak, van die reuse afkomstig; en ons was soos sprinkane in ons oë; so was ons ook in hulle oë. (Num. 13:33)

Die gevolg van ‘n ander gesindheid

Daarom het Hebron die erfdeel geword van Kaleb... tot vandag toe, omdat hy volgehou het om die HERE, die God van Israel, te volg. (Jos. 14:14)

Gesindheid is die biblioteek van jou verlede, die spreker van jou nou en die profeet van jou toekoms! John C Maxwell

3.Israel se dissipline van die Here (hfst. 15-36)

Numeri 15–36 leer ons veral:

God vereis gehoorsaamheid.

Opstand en sonde het gevolge.

God bevestig sy gesag en leierskap.

Heiligheid en reinheid is belangrik.

God bied genade en redding vir dié wat in geloof na Hom draai.

God se plan kan nie deur mense gestuit of vervloek word nie.

God berei nuwe generasies voor om sy plan voort te sit.

Geestelike boodskap

Die grootste geestelike boodskap van hierdie gedeelte is dat God getrou bly aan sy verbond, selfs wanneer mense faal. Hy tugtig, maar Hy herstel en lei sy volk uiteindelik na die vervulling van sy beloftes.

Hierdie waarheid wys vooruit na Christus, deur wie God sy volk finaal lei na die ware beloofde erfenis.

1. Die Rots wat water gee – ’n beeld van Christus

1 Korintiërs 10:4 sê Paulus:

“Die rots wat hulle gevolg het, was Christus.”

2. Die slang (Bronsslang) op die paal – ’n beeld van die kruis

Johannes 3:14: “Soos Moses die slang in die woestyn verhoog het, so moet die Seun van die mens verhoog word.”

Efesiërs 2:8–9 – “Want uit genade is julle gered, deur die geloof; en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God; nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie.”

3. Die manna uit die hemel – die Brood van die lewe

4. Die Ster uit Jakob – ’n profesie van die Messias (’n Messiaanse profesie)

In Numeri 24:17 “’n Ster kom uit Jakob, ’n septer kom uit Israel.”

5. Die wolkkolom – God se teenwoordige Leier en teenwoordigheid

Jesus sê in Johannes 8:12: “Ek is die lig van die wêreld.”

En in Johannes 10:4 lei Hy sy skape. Hy belowe ook:

“Ek is met julle al die dae” (Mattheus 28:20).